higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 3

(5050063)

2 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Ons verwerf nuwe ... wanneer ons studeer en ons werk in die klaskamer voltooi.

A teorieë
B grafieke
C boeke
D kennis

1.1.2 As iemand gedurig op hulle selfoon besig is en nie aandag skenks as iemand met hulle praat nie, is dit swak ...

A reaksie.
B sein.
C interpretasie.
D gedrag.

1.1.3 Volwassenes kan deur hierdie soort onderwysstelsel leer as hulle hul basiese onderwys wil voortsit.

A RNCS
B ABET
C NPO
D NGO

1.1.4 Bloom se taksonomie het ses vlakke onder die kognitiewe domein.

Watter EEN van die reaksies hier onder behoort nie tot die kognitiewe domein nie?

A begrip
B beloning
C toepassing
D kennis

1.1.5 Jy studeer tans aan 'n TVOO-kollege. Onder watter band sal jou kwalifikasie wees volgens die Nasionale Kwalifikasieraamwerk?

A NCS
B GET
C FET
D TVET

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Om 'n gesonde liggaam te hê, moet jy ... kos eet en genoeg water drink.

A gemors-
B souterige
C voedsame
D smaaklike

1.1.7 Wanneer 'n pasiënt die kliniek besoek om vir diabetes behandel te word, word hy/sy as 'n ... pasiënt gediagnoseer.

A chroniese
B siek
C geestes-
D gestremde

1.1.8 Mense wat baie oorgewig is, ly aan …

A wanvoeding.
B anemie.
C hiperaktiwiteit.
D vetsug.

1.1.9 Kinders in Suid-Afrika het nie net regte nie, maar ook ...

A verantwoordelikhede.
B pret.
C rekeninge.
D werk.

1.1.10 Behavioristiese teorie leer ons dat honde of katte ... kan word.

A gekondisioneer
B gevoer
C gewas
D vertroetel

(10 × 1) (10)

1.2 Wanneer ons navorsing doen, gebruik ons verskillende woorde en terme.

Wat is die betekenis van die volgende terme:

1.2.1 Interpreteer/vertolk

1.2.2 Evalueer

(2 × 2) (4)

1.3 Wat is 'n *outonome leerder*? (1)

1.4 Verduidelik wat die volgende frase wat in navorsing gebruik word, beteken: 'objektief in sy of haar bevindings bly'. (2)

1.5 Noem die basiese elemente wat ter sprake is wanneer 'n mens 'n verslag skryf. (3)

1.6 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.6.1–1.6.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.6.1 Die Suid-Afrikaanse regering mag nie teen enige persoon diskrimineer nie.

1.6.2 Verstandelike gestremdheid is 'n toestand waarin die verstand/gees versteur is.

1.6.3 Opvoeders hoef nie Down-sindroomkinders in hul klaskamers in te sluit nie, omdat hulle nie as Leerders met Spesiale Behoeftes beskou word nie.

1.6.4 Maslow se behoeftehiërargie kan nie met die uitwerkings van MIV/VIGS vergelyk word nie.

1.6.5 ARV's kan vir die MIV/VIGS-pandemie gebruik word.

1.6.6 Leerders met leergestremdhede kan van die onderwysstelsel uitgesluit word.

1.6.7 Abraham Maslow het die hiërargie van spesiale behoeftes ontwikkel.

1.6.8 Selfverwesenliking is nie die verwesenliking van mense se uiterste potensiaal nie.

1.6.9 Die Suid-Afrikaanse regering probeer armoede verlig deur aan mense maatskaplike toelaes te betaal.

1.6.10 Die drie domeine van Bloom se Taksonomie is: kognitief, psigomotories en sosio-affektief.

(10 × 1) (10)
[30]

NCV

VRAAG 2

2.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n word/term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–Q) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

	KOLOM A		KOLOM B
2.1.1	Wanneer jy goeie waardes en algehele geluk beoefen.	A	tieners
2.1.2	Mense wat oor 'n lang tydperk in 'n toestand van armoede verkeer.	B	vitamiene a
2.1.3	'n Gebrek aan … veroorsaak nagblindheid.	C	chroniese armoede
2.1.4	Witskrif 6 handel oor …	D	pleegsorgtoelae
2.1.5	'n Kindertoelaag wat jy ontvang vir 'n kind wat nie jou biologiese kind is nie.	E	spesiale behoeftes
2.1.6	'n Toelaag vir mense met verstandelike gestremdhede.	F	omega-3
2.1.7	Kanola-olie bevat …	G	gestremdheidstoelae
2.1.8	Jou liggaamsmassa-indeks is jou BMI	H	temperament
2.1.9	As jou bui gedurig verander	I	gewig/lengte
2.1.10	Wanneer jy jou hande gereeld was	J	mikrovoedingstowwe
2.1.11	Vitamiene en minerale is …	K	behoorlike higiëne
2.1.12	'n Organisasie wat mense help om by die lewe ná tronkstraf en misdaad aan te pas.	L	depressie
2.1.13	MIV is 'n virus wat die liggaam binnedring en jou ... aanval.	M	welsyn
2.1.14	'n Swak dieet en lae eiewaarde kan ... veroorsaak	N	NIKRO
2.1.15	40% van alle Suid-Afrikaners wat swanger raak, is jonger as 19.	O	immuunstelsel
		P	verhoog
		Q	dromers

(15 × 1) (15)

2.2 Teken die vyfvlakmodel van Maslow se behoeftehiërargie en gee 'n voorbeeld van elke vlak of stadium. (5 × 2) (10)

2.3 Watter soorte navorsingsmetodes kan ons gebruik om data te versamel? (3 × 1) (3)

2.4 Wat beteken *betroubaarheid van die studie* vir 'n navorser? (2 × 1) (2)

[30]

VRAAG 3

3.1 Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

HEUNING WAT SUPERKIEME DOODMAAK

Die meeste mense weet dat heuning oor bakteriese eienskappe beskik, maar wetenskaplikes van die Universiteit van Sydney sê dat 'n bepaalde soort heuning wat gemaak word deur bye wat van die nektar van die inheemse Australiese en New-Seelandse Manuka-bos leef, besonder potent*kragtig* is. Leptospermum Scoparium staan algemeen as die teeboom, manuka-bos of jellie-bos bekend.

Die heuning bestry bakterieë op verskillende maniere:

- Omdat dit effens suurvormend met hoë suikervlakke is, is dit nie 'n bevorderlike omgewing vir bakterieë om in te groei nie.
- Dit bevat 'n voorloperchemikalie wat giftig vir bakteriese selle is.

Die navorsers het tot die gevolgtrekking gekom dat die heuning 'elke bakterie of patogeen waarop dit getoets is, doodgemaak het'.



[Aangepaste bron- prente van die internet: *www.google.co.za*]

Heuning kan die antwoord wees om superkieme in hospitale te oorwin

- Produkte wat op die heuning gebaseer is, kan in baie gevalle antibiotiese rome op wonde en toerusting soos kateters vervang.
- Die gebruik van hierdie heuning as intermediêre behandeling te gebruik, kan die antibiotika se lewensduur verleng.
- Medisinale toepassings van die heuning, soos deurweekte verbande, is al ontwikkel maar word nog nie algemeen gebruik nie.

Heuningprodusente het 'n skaal ontwikkel om die krag van die Manuka-heuning te meet. Die tellings word UMF genoem (Unieke Manuka-factor).
Om as kragtig genoeg vir terapeutiese waarde beskou te word, moet Manuka-heuning 'n minimum telling van 10 UMF hê. Heuning op of bo daardie vlak word as 'UMF Manuka-heuning' of 'Aktiewe Manuka-heuning' bemark.



[*Aangepas uit internetbron: www.google.co.za 2016*]

3.1 3.1.1 Met verwysing na paragraaf een van die gevallestudie, wat weet die meeste mense? (2)

3.1.2 Watter universiteit word in die gevallestudie genoem? (1)

3.1.3 Raadpleeg die gevallestudie en noem TWEE maniere waarop heuning bakterieë bestry? (2)

3.1.4 Tot water gevolgtrekking het die navorsers gekom? (2)

3.1.5 Noem TWEE items wat heuning kan vervang. (2)

3.1.6 Die akroniem UMF word in die gevallestudie gebruik. Verduidelik wat dit beteken. (2)

3.1.7 Wat benodig Manuka-heuning om kragtig te wees? (2)

3.1.8 Hoe kan heuning bemark word? (2)

3.2 Kies die korrekte word/term uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.2.1 'n Navorser kan (evaluering/navorsing/vertolking) doen sodat leerders na hoër ontwikkelingsvlakke kan beweeg.

3.2.2 'n Persoon wat aan serebrale gestremdheid ly, het (spasmas/aanvalle/gewasse).

3.2.3 (Griep/Down-sindroom/Diabetes) is 'n voorbeeld van 'n gestremdheid.

3.2.4 Die (rugmurg/oorlel/femur) is deel van die senuweestelsel.

3.2.5 'n Fisikus is 'n wetenskaplike wat (natuurkunde/sirkeldiagramme/-fisika) bestudeer.

3.2.6 Kognitiewe ontwikkeling het betrekking op die (brein/hart/emosies).

3.2.7 (AET/ARV/VAT)-behandeling kan gebruik word om MIV/VIGS-pasiënte te behandel.

Kopiereg voorbehou

3.2.8 (Verifikasie/Veronderstelling/Afsluiting) beteken om seker te maak dat iets korrek is.

3.2.9 (WHO/SPCA/TAC) is die afkorting vir die Wêreldgesondheids-organisasie.

3.2.10 'n Voorbeeld van 'n navorsingsmetode wat nie aanpasbaar is nie, is (opnames/onderhoude/fokusgroepe).

(10 × 1) (10)

3.3 Noem VYF maniere waarop opnames vir 'n navorsingsprojek gedoen kan word. (5)

[30]

VRAAG 4

4.1 Jy is 'n Graad R-onderwyser en moet 'n uitstappie vir jou klas beplan. Jy wil hulle graag na Bugs World toe neem.

Noem VYF beplanningstrategieë/idees wat jy sal gebruik om van hierdie uitstappie 'n sukses te maak. (5 × 2) (10)

4.2 Kies 'n woord/term uit KOLOM A om by 'n beskrywing in KOLOM B te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.2.1	ADHD	A	is om 'n persoon of situasie te beheer
4.2.2	Diskalkulie	B	help mense met gestremdhede
4.2.3	Serebrale gestremdheid	C	aandagafleibaarheid-hiperaktiwiteitsversteuring
4.2.4	Manipulasie	D	sukkel om wiskunde te leer en verstaan
4.2.5	Hulptoestelle	E	'n toestand wat fisiese ontwikkeling in mense belemmer

(5 × 2) (10)

4.3 As 'n nasionale armoedeverligtingstrategie het die Suid-Afrikaanse regering 'n 'Visie 2014' ontwikkel in die stryd teen armoede.

Noem VYF mikpunte vir die plaaslike asook die nasionale regering. (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 5

5.1 Waarom is dit belangrik dat 'n opvoeder navorsing moet doen? (5 × 1) (5)

5.2 Verduidelik die DRIE domeine van Bloom se Taksonomie. Teken die tabel hier onder in jou ANTWOORDBOEK oor en voltooi dit.

DIE DOMEIN	DIE FEITE
Psigomotories	
Sosio-affektief	
Kognitief	

(3 × 2) (6)

5.3 Onderskei tussen *armoededrempel* en *chroniese armoede.* (2 × 2) (4)

5.4 Die meeste mense eet soggens ontbyt om hul suiker- en energievlakke in stand te hou. Voedingswaardes en voorbeelde hiervan verskyn in die tabel hier onder. Lees die inligting en beantwoord dan die vrae wat daarop volg:

VOEDINGSINLIGTING	Per 100 g	Per 49 g-porsie
Energie	1351 kJ 323 kcal	540 kJ 129 kcal
Glisemiese koolhidrate, waarvan totale suiker	70 g 7,9 g	28 g 3,2 g
Totale vet	1.0 g	0,4 g
Dieetvesel	2,2 g	0,9 g
Totale natrium	623 mg	249 mg
Vitamien C (askorbiensuur)	50,0 mg	20,0 mg
Cholesterol	0 mg	0 mg
Foliensuur	200 mg	80 mg

[Aangepaste bron – vanaf die internet: www.google.co.za]

5.4.1 Wat is di vitamien C-porsie per 100 g?

5.4.2 Wat is jou total natriuminname per 49 g-porsie?

5.4.3 Waarvoor staan die akroniem mg?

5.4.4 Wat is die totale vetwaarde 49 g-porsie?

5.4.5 As 'n mens hierdie soort ontbyt eet, wat sal die energie- en kilojouleverbruik vir 'n ees?

(5 × 2) (10)

5.5 Noem VIER van jou eie idees van wat eksterne struikelblokke tot leer veroorsaak. (4 × 1) (4)

5.6 Noem EEN faktor wat 'n persoon se gesondheid beïnvloed. (1)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Noem AGT verskillende maatskaplike toelaes en gee voorbeelde van elkeen. (8 × 2) (16)

6.2 Bestudeer die foto hier onder en beantwoord die vraag.



[Aangepaste bron -foto's van die internet: www.google.co.za]

Noem VYF punte oor hoe jy armoede sal uitwis as deel van jou navorsingsprojek in jou gemeenskap. (5 × 2) (10)

6.3 Wat is die betekenis van die volgende terme:

6.3.1 Waarneming

6.3.2 Gevallestudies

(2 × 2) (4)
[30]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou